**Is enigiets te wonderbaarlik vir die Here?**

**Gen 17:15-22, 18:1-15**

**8 Oktober 2023**

1. Vantevore: Inhoud van die Abrahamverbond: Abraham se nageslag sal groot wees uit menigte nasies wat in beloofde land sal woon. Geloof in beloftes van die Here lei tot toerekening van geregtigheid, en verwagting om in vrede te sterf. Ware nageslag van Abraham moet in geregtigheid leef – daarvoor word hulle nuutgemaak, want die Here is hulle God. Betekenis van die besnydenis: (1) Lid van verbondsgemeenskap (2) Noodsaak aan reiniging – hartsbesnydenis (3) Wys vooruit na die koms van Jesus uit Abraham se nageslag.
2. Historiese gebeure in Gen 17:15-22, 18:1-15
    a. Fokus op Sara: nuwe naam, seën, 'n seun, nasies, konings (v15-16)
    b. Reaksie van Abraham: het gelag in kleingeloof (v17), stel Ismael voor (v18) – maar die Here is onwrikbaar (v19)
    c. Die Here verskyn weer aan Abraham (18:1) – boodskap aan Sara en oor Sodom
    d. Drie mans verskyn: die Here en twee engele (v1, 13)
        - "My <u>Heer</u>" – NIV, ESV (v3, vgl Heb 13:2)
    e. Abraham tree op met dringendheid en respek (v1-8)
    f. Gesprek na ete (v9-15)
        - Die Here herhaal die belofte van 17:16, 21
        - Sara lag in kleingeloof, dink dit is onrealisties (v11-12)
        - Die Here konfronteer Sara: "Is enigiets te wonderbaarlik vir die Here?" (v13-14)
3. Toepassings
    a. Abraham se gasvryheid het gelei tot 'n heilsmoment
        - Abraham het geen huiwering gehad om gasvry te wees nie
        - Gevolge: Besoek van die Here en engele, herhaling van belofte, Sara se kleingeloof gekonfronteer, insae in die Here se plan met Sodom = heilsmoment
        - Vergelyk met gelykenis van die skape en bokke (Mat 25:35)
        - Is jou oë oop vir onverwagse heilsmomente?
    b. Die Here ontferm Hom oor elke gelowige
        - Sedert Gen 12 is fokus grootliks op die Here se werk met Abraham
        - Gen 16: Fokus op Sara se kommer, maar dan skuif fokus weer na Hagar
        - Gen 18:9 – Die Here vra: "Waar is Sara?" – nou word Sara die fokus
        - "Is enigiets te wonderbaarlik vir die Here?" – op Sara gerig (v 14, vgl Jer 32:17, Sag 8:6)
        - Sara word deur direk deur die Here gekonfronteer: "Jy hét gelag" (v18)
    c. Die verlossingsplan van die Here is menslik gesproke irrasioneel
        - Abraham/Sara sukkel om belofte te glo – want dis vir hulle irrasioneel
        - Ongelowiges redeneer Christelike geloof is irrasioneel
        - Maar: "irrasionele" belofte is vervul (Gen 21:1-2) – nou 'n vreugde lag
        - Vgl: Luk 1:5-18 – ooreenkoms met Sagaria en Elisabet
        - Vgl: Luk 1:26-37 – ooreenkoms met Maria
        - Voorbereiding op maagdelike geboorte van Jesus – Nie te wonderbaarlik nie